# BOEKBESPREKING

Dr. F. L. Bos en andere, *Ware Christelijke Belijdenis der Nederlandse Kerken*, 214 bls., J. H. Kok, Kampen 1957.

Hierdie werkie is geskryf deur elf „Predikanten van de Gereformeerd Gezindte" waarvan vyf Gereformeerd is, drie Christelijk Gereformeerd, twee Hervormd en één Vrijgemaakt Gereformeerd. Die redakteur was Dr. F. L. Bos. „Vanuit de gebrokenheid van onze vele kerken" het hulle hier 'n „actueel belijdende omschrijving van onze Nederlandse geloofsbelijdenis" gegee. Die boek dra dan ook die sub-titel: „Proeve van hernieuwde geloofsbezinning". Die oogmerk was dus om in die styl van 'n kerklike belydenis, terwyl daar van die moderne taal-idioom gebruik gemaak en ruim uit die Skrif self aangehaal word, die skriftuurlike agtergrond en die aktuele sin van die N.G.B. te verhelder.

Ek glo dat hierdie boek, beide wat die inhoud (nl. 'n aktueel belydende omskrywing van die N.G.B., in die sin van hernude geloofsbesinning) en wat die rangskikking en versorging van die stof deur die drukker betref, baie geslaagd is. Dit wil geen groot en grondige wetenskaplike kommentaar oor die N.G.B. wees vanuit tekskritiese, dogmenhistoriese en dogmatiese gesigspunt in die sin van Los, Polman, Koopmans en so meer nie, maar op sy eie wyse verdien dit tog weldeeglik 'n regmatige en waardige plek in die literatuur i.v.m. die Nederlandse Geloofsbelydenis.

B. J. Engelbrecht.